BRITS RUSOORD
verryk jou siel en gees...

Brits Rusoord
001-626 NPO

Kerkstraat 62A, Brits
Posbus 2323, Brits 0250

012 252 7043 / 5435
086 210 7650

www.britsrusoord.co.za

INWONERSKONTRAKOOREENKOMS

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

BRITS RUSOORD MAATSKAPPY

(REG NO. 2001/018337/08)

(hierna genoem Rusoord)

Hierin verteenwoordig deur die BESTUURDER VAN BRITS RUSOORD

en behoorlik daartoe gemagtig deur die Direksie

ME. GM VAN SCHALKWYK

&

_____

aan die ander kant (hierna genoem die Inwoner) bygestaan deur _____

(verwantskap) _____ wat behoorlik daartoe gemagtig is om te onderteken.

Getuig hiermee dat die tuiste akkommodasie en verpleegsorg verskaf aan die Inwoner ooreenkomstig die Huisreëls (Bylae A) wat deel van hierdie kontrak vorm.

1. **Aanvangsdatum van losies: _____**

2. **Toekenning van kamer**
Rusoord ken 'n beskikbare woonplek aan die inwoner toe. Rusoord behou hom die reg voor om die inwoner te verskuif indien dit van belang van die inwoner of Rusoord is.

3. **Losiesgelde**

3.1 Alle losiesgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die eerste dag van elke maand

3.2 Losiesgelde is betaalbaar verkieslik per Bankaftrekorder of Internetbetaling, andersins by die administratiewe kantoor van Brits Rusoord. 'n Bedrag van R50.00 (Vyftig Rand) kontant-heffingsfooi is betaalbaar op alle kontant- en tjekbetalings by Rusoord se administratiewe kantoor.

3.3 Losiesgeld by die aanvang van losies beloop _____ per maand.
Die losiesgeld kan van tyd tot tyd deur Rusoord aangepas word met die nodige vooraf skriftelike kennis.

3.4 Rente van Prima koers sal op rekeninge wat 30 dae en langer agterstallig is gehef word.

3.5 Losiesgelde sal jaarliks hersien word.

3.6 Geen toegewing deur Rusoord sal beskou word as 'n afstanddoening van enige van sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie.

4. **Intreefooi**
'n Intreefooi van R 2 000.00 (BTW ingesluit) is betaalbaar voor of op die aanvangsdatum van die losies. Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar aan die inwoner nie.

5. **Elektriese toerusting**
Die inwoner mag nie elektriese toerusting, dubbelkragproppe en verlengkoorde sonder toestemming van die bestuurder gebruik nie. (Huisreëls punt 1.4)

6. **Besoekers**
Geen familie of besoekers mag in Rusoord of op die perseel oornag nie.

7. **Versekering**
Die inwoner is verantwoordelik vir die versekering van sy eiendom en besittings indien hy/sy dit verlang.

8. **Vrywaring**
Die Inwoner erken hiermee dat Rusoord nie aanspreeklik sal wees ten opsigte van verlies en/of skade wat veroorsaak mag word as gevolg van diefstal of ander handeling gepleeg op die perseel van Rusoord nie. Inwoners parkeer hulle voertuie onder afdakke of op die terrein ten volle op eie risiko. **Rusoord aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of diefstal van voertuie nie.**

9. **Medikasie**
Geen persoon mag enige medikasie aan 'n ander Inwoner verskaf nie. Oortreding van hierdie bepaling kan lei tot onmiddellike beëindiging van die kontrak. Voorskrif medikasie word deur

Rusoord se verpleegkundiges hanteer en beheer. Enige toonbank medikasie word op eie risiko gebruik.

10. Beëindiging van kontrak

Die gronde of redes vir die beeindiging van ‘n Inwonerskontrakooreenkoms sluit die volgende in:

- ✓ Versuim van die Inwoner om finansiele verpligtinge teenoor die organisasie na te kom.
- ✓ Indien wanbetaling voorkom en die aangeleentheid oorhandig word vir invordering, sal die verantwoordelike person ook aangespreek wees vir die betaling van Invorderingskommissie en Regskostes, soos op ‘n Prokureur- en Klienteskaal, wat deur die aangeleentheid te weeg gebring word.
- ✓ Beskadiging van eiendom van die organisasie.
- ✓ Kontrakbreuk deur die nie-nakoming van enige van die ander bepalings van die kontrak, en versuim om daardie kontrakbreuk te herstel binne 7 (sewe) dae na die datum waarop ‘n skriftelike kennisgewing deur Rusoord aan die Inwoner gestuur is, waarin vereis word dat die Inwoner sodanige kontrakbreuk moet herstel.
- ✓ Wangedrag en/of ontwrigtende gedrag deur die Inwoner self, familie en/of vriende, met dien verstande dat sodanige ontwrigtende gedrag van so ‘n aard is dat dit daadwerklike inbreuk maak op die fundamentele menseregte van die ander inwoners of die personeel, soos bedoel in Hoofstuk 3 van die Grondwet van SA, no 108 van 1996, of wangedrag wat die beeld van die organisasie ernstig benadeel.
- ✓ Oortredings van die Huisreëls wat die beëindiging van die kontrak regverdig.
- ✓ Beëindiging van die Organisasie se diens of die heraanwending van die totale of gedeeltelike fasiliteit volgens operasionele vereistes.
- ✓ Verswyging van inligting of foutiewe inligting in aansoek-dokumente of gedurende keuringsproses: inligting wat die aansoek sou diskwalifiseer.
- ✓ Opname vereistes: Fisiese en/of psigiese onvermoë van die inwoner in die geval waar die Organisasie nie oor ‘n versorgingsdiens beskik nie.
- ✓ ‘n Hofbevel teen ‘n Inwoner as gevolg van die mishandeling van ‘n Inwoner soos omskryf in Artikel 27 (b) van die Wet op Ouer Persone.

Die beëindiging van die kontrak is onderhewig aan wedersydse skriftelike kennisgewing van een kalender maand. Indien die Inwoner kennis gee om die kontrak te beëindig, die afsterwe van die Inwoner en/of kansellasie sal die Inwoner aanspreeklik wees vir een kalendermaand kennisgewing se losiesgeld.

Geteken op hierdie _____dag van _____2014 te _____.

_____ _____

NAMENS BRITS RUSOORD **1. GETUIE**

_____

2. GETUIE

_____ **_____**

INWONER **1. GETUIE**

_____

2. GETUIE